

## Hoofstuk II

### 'N BESINNING OOR DIE DOELSTELLINGS MET ONDERWYS EN MET ONDERWYSERSOPLEIDING

#### 1. Doelstellings met die onderwys

In 'n besinning oor die doelstellings met onderwysersopleiding moet daar vanselfsprekend eers nagegaan word wat die doelstellings met die onderwys as werkzaamheid is, om vandaar uit vas te stel aan watter vereistes die persoon wat vir die onderwyshandeling verantwoordelik is, moet voldoen.

Vooraf is dit egter nodig om vas te stel hoe kom daar 'n doel moet wees, nie net vir onderwys en onderwysersopleiding nie, maar vir enige georganiseerde menslike handeling. Coetzee<sup>1)</sup> noem drie redes waarom 'n duidelik gestelde doel onmisbaar is. Eerstens verseker dit dat die gegewe voorwaardes en toestande goed en sorgvuldig waargeneem en ondersoek kan word, sodat, op grond daarvan duidelik onderskei en herken kan word wat die moeilikhede by en die middele vir die bereiking van die doel is. Tweedens verseker dit dat die mens juiste insig besit in die volgorde van die gebruik van die middele om die doel te bereik, en derdens dra 'n duidelik gestelde doel daartoe by dat 'n keuse uit bepaalde alternatiewe prosedures gemaak kan word.

---

1) Coetzee, J. Chris. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 209.

Dit is ook nodig om die eise waaraan sulke doel-  
stellings moet voldoen, duidelik te stel.

Aangesien elke mens, bewustelik of onbewustelik, sy lewe inrig ooreenkomstig sy besondere lewens- en wêreldbeskouing, is dit vanselfsprekend dat hy ook sy kinders (of leerlinge) sal opvoed ooreenkomstig daardie lewens- en wêreldbeskouing of dat dit die opvoeding wat hy gee, minstens sterk sal beïnvloed. Nou is daar in die opvoeding twee radikaal teenoor- mekaarstaande lewens- en wêreldbeskoulike standpunte, t.w. die Christelike en die nie-Christelike. Is die mens se lewens- en wêreldbeskouing Christelik, dan sal hy noodwendig 'n Christelike opvoedingsdoel hê; 'n verhewe doel dus, waarvolgens die kind benader word as 'n wese met 'n ewigheidsbestemming. Aan die ander kant is die opvoedingsdoel vir die mens met 'n nie-Christelike lewens- en wêreldbeskouing uiteraard beperk tot die aardse en die tydelike. So is die opvoedingsdoel vir die Amerikaner, Brubacher, suiwer pragmatisties as hy sê: „In stead of preparing them (the children) for an uncertain life hereafter, education must prepare them for life here and now.“<sup>1)</sup>

Coetzee<sup>2)</sup> noem nog drie verdere eise waaraan doelstellings vir die opvoeding moet voldoen.

---

1) Brubacher, John S. Modern philosophies of education, p. 38.

2) Coetzee, J. Chris. a.w., p. 212.

Eerstens moet dit ten opsigte van die meer onmiddellike (ondergeskikte) doelstellings 'n redelike tentatiewiteit, rekbaarheid en aanpasbaarheid besit so dat dit gewysig kan word na gelang van veranderde lewens- en tydsomstandighede. Tweedens moet dit verband hou en aansluit by die beperkte vermoëns, aanleg, neiginge, behoeftes, aktiwiteite, aangeleerde gewoontes en handeling van die opvoedeling so dat ons kan insien en aanvaar dat ons met die opvoedeling slegs 'n beperkte ideaal kan bereik, en derdens moet dit ons 'n metode van opvoeding aan die hand gee.

Dit is verder nodig om te besluit op watter wyse daar tot 'n formulering van doelstellings gekom sal word. Eerstens is dit moontlik om histories te werk te gaan en vas te stel watter doelstellings op verskillende terreine in die verlede geld het. Tweedens kan die vereistes wat die staat, die samelewing, verskillende beroepe, die ouers, en so meer aan die jong volwassene stel as uitgangspunt geneem word. Die probleem met bogenoemde twee benaderings is dat die gegewens wat so verkry is, nie noodwendig krities en prinsipiëel beoordeel is nie. Dit is derdens moontlik om die formulering van doelstellings van leidende opvoedkundiges en van opvoedkundige instellings te versamel en daaruit die mees algemene en aanvaarbare doelstellings as uitgangspunt te neem. Doelstellings met die opvoeding, waartoe op so 'n empiriese wyse geraak word, kan slegs 'n konsensus van menings bly en „... the trouble with consensus is that, on the

one hand, it covers up real differences of opinion among experts, and, on the other, it risks putting too much confidence into thinking that there is strength in mere numbers."<sup>1)</sup> Om bogenoemde redes en omdat die opvoeding altyd 'n normatiewe aangeleentheid is, sal getrag word om hier liever op normatiewe wyse en wel vanuit 'n lewens- en wêreldbeskoulike standpunt te probeer vasstel waarom dit in die opvoeding eintlik behoort te gaan.

So gesien, d.w.s. vanuit 'n lewens en wêreldbeskoulike standpunt, gaan dit dus vir ons om twee teenoorstaande standpunte. Eerstens, as dit gaan om die feit dat die mens 'n ewigheidsbestemming het, dan sal ons opvoedingsdoel rondom hierdie kernfeit uitgebou word. Dan sal ons van die grondgedagte uitgaan, soos Kohnstamm dit uitdruk, „dat deze wereld Gods Schepping is, en daarom wetenschappelijk ook alleen van uit de Scheppingsgedagte kan worden begrepen."<sup>2)</sup> Vir die persoon sonder hierdie lewensooruiging, is die doel van die opvoeding uiteraard gerig op die mens se aardse bestaan en sal verskillende aspekte van sy aardse bestaansvorme op die voorgrond gestel en as doel van die opvoeding beklemtoon word.<sup>3)</sup>

---

1) Brubacher, a.w. p.112.

2) Kohnstamm, Ph. Persoonlikheid in wording, p. Xiii.

3) Kyk ook Keyter, J. de W. Opvoeding en onderwys, p. 106.

Daar kan vervolgens oorgegaan word tot 'n formulering van doelstellings met die opvoeding. Baie opvoedkundiges aanvaar 'n rangorde waarin verskillende doelstellings in toenemende of afnemende orde van belangrikheid gerangskik word. Gewoonlik word van onmiddellike (proximate) en van uiteindelijke (ultimate) doelstellings gepraat.<sup>1)</sup> Coetzee<sup>2)</sup> verdeel die doelstellings met die opvoeding in drie kategorieë, t.w. die nabysynde, die verwyderde en die uiteindelijke. Hy onderskei soos volg: „Ons kan in die eerste plek sekere nabysynde doele in ons lewe en opvoeding onderskei. Ons kan hulle ook noem die mylpale op ons lewens- en opvoedingsweg. In die tweede plek mag ons wys op die verwyderde doele in ons lewe en opvoeding. Ons kan hulle ook noem die hoogtes wat ons op ons lewensweg bereik. En ten slotte is daar ook nog die einddoel in ons lewe en opvoeding. Ons kan dit ook noem die bestemming van ons hele lewe en opvoeding. As ons dit kon bereik, sou ons daardie innerlike vreugde en vrede belewe wat weggelê is vir die enkele wat so na aan die volmaaktheid kom as wat 'n sondige mens kan kom”.<sup>3)</sup> Na sy beskouing vorm die biologiese, fisiologiese, psigologiese, sosiologiese, politiese en logiese opvoedingsideale die nabysynde doele van die opvoeding, die estetiese, etiese en filosofiese die verwyderde en die religieuse

---

1) Brubacher, a.w., pp. 113, 118.

2) Coetzee, a.w., p. 210.

3) Ibid.

die uiteindelijke doel van alle opvoeding. Vir Coetsee is die religieuse doel dan „die laaste, die allesomvattende doel van die lewe en opvoeding.“<sup>1)</sup> Klaarblyklik omdat die volle bereiking van die religieuse doel vir die sondige mens egter menslik gesproke, onbereikbaar is, praat H. Bavinck van die religieuse doel as die ideaal van die Christelike opvoeding. Na aanleiding van 2 Tim. 3:17 eindig Bavinck sy hoofstuk oor die doel van die opvoeding met hierdie woorde: „En het ideaal eener Christelike opvoeding, in huisgezin, in lagere, middelbare en hooge school blijft nu als toen: waarachtige godsvrucht, organisch met degelijke kennis en echte beschaving verbonden. Zoo vormen wij menschen Gods; tot alle goed werk toegerust; tot alle goed werk volmaaktelijk toegerust.“<sup>2)</sup> So praat Gunter ook van die Christelike opvoedingsideaal.<sup>3)</sup> Onder andere sê hy: „Die taak en doel van die opvoeding is hulpverlening en leiding aan die kind tot 'n volle lewe van vrugbare arbeid en diens in en vanuit die volheid van hierdie relaties wat die transendentalia van ware mens-wees is: 'n volle lewe met en vir sy medemens in die wêreld tot die eer van God. Dit is die Christelike ideaal.“<sup>4)</sup> Stel die opvoedkundige geen verhewe, uiteindelijke doel met die opvoeding nie, dan beklemtoon hy, soos

---

1) Coetsee, a.w., p. 210.

2) Bavinck, H. Paedagogische beginselen, p. 51.

3) Gunter, C.F.G. Opvoedingsfilosofieë, p. 336 e.v.

4) Ibid., p. 338.

reeds genoem, een of meer aardse en dus beperkte bestaansvorme as hoogste doelstelling. Dan mag dit wees 'n beklemtoning van die outonome ontwikkeling van die individu soos Nunn dit sien — „We must hold that a scheme of education is ultimately to be valued by its success in fostering the highest degrees of individual excellence of which those submitted to it are capable”<sup>1)</sup> — of 'n beklemtoning van die sosiale bruikbaarheid soos geformuleer deur Dewey<sup>2)</sup>, of enige ander, hoewel lofwaardige, maar nogtans beperkte doelstelling.

In hierdie werk word uitgegaan van die Christelike opvoedingsideaal as die hoogste en einddoel van die opvoeding.

Met uitsondering van die hoogste, of einddoel van die opvoeding is daar in die meeste opvoedkundige stelsels, in elk geval in die westerse wêreld, 'n redelike mate van eenstemmigheid wat die algemene doelstellings betref, alhoewel dit steeds sterk beïnvloed word deur die historiese ontwikkeling en kultuureise van elke besondere volk of land.

Ons eie besondere geskiedenis, ons eie kultuurpatroon en eie volksaard word weerspieël in ons Suid-Afrikaanse opvoedingstelsel deur die beklemtoning daarin van dit waaraan ons waarde heg en wat

---

1) Nunn, Sir Percy. Education, its data and first principles, p. 12.

2) Dewey, J. Democracy and education, p. 12-26.

ons graag by ons kinders wil inskerp. So beklemtoon ons dan ons protestants-Christelike tradisies, ons volkseie jeugorganisasies soos die Voortrekkers, ons eie en besondere patroon van saamlewe met die verskillende rasse in ons land, en so meer. 'n Kenmerk van die kultuur waarin die kind en veral die Suid-Afrikaanse kind teenswoordig ingelyf moet word, is egter die veranderlikheid daarvan. Hierdie veranderlikheid openbaar homself onder andere in die nuwe eise ten opsigte van rasseverhoudings, die vinnig veranderende sosiale patroon wat veroorsaak word deur immigrasie en verstedeliking, die snelle toename van kennis met die gevolglike eise van deskundigheid en spesialisasie. Om dié rede moet die vroeër genoemde eis wat aan alle nabysynde en verwyderde doelstellings gestel word, nl. dat hulle 'n redelike mate van tentatiewiteit, rekbaarheid en aanpasbaarheid moet besit, in gedagte gehou word.<sup>1)</sup> Aarts noem dit 'n „open ideaal.“ Hy stel dit soos volg: „.... het ideaal der vorming, dat wij aan de leerlingen voorhouden, (moet) een open ideaal zijn, een ideaal ..... gezien vanuit het standpunt ener christelijke levensopvatting....“<sup>2)</sup>

Die wyse waarop die onderwysinrigtings, en meer spesifiek ons Suid-Afrikaanse inrigtings, uitvoering gee aan die doelstellings met die opvoeding, kan die beste beskryf word deur die vernaamste skooltipes afsonderlik te behandel.

---

1) Coetzee, a.w., p. 212.

2) Aarts, Jos. Beknopt leerboek der algemene didactiek, p. 90-1.



Die laerskool lê die grondslag vir die kind se geleidelike groter deelname aan die kultuur. Hy word daar progressief ingelei in die elementêre vaardighede om al die fasette van die kultuur self te kan verwerf en as voorbereiding vir verdere studie in die middelbare skool. Om dit te bereik, moet die laerskool hom dus toelê op die kind se verwerving van die basiese vaardighede en kennis, nl. om goed te kan reken en om sy huistaal en die tweede taal doeltreffend te kan praat, lees en skryf. Verder lê die laerskool hom toe op onderrig wat die kind liggaamlik en verstandelik sal ontwikkel en op die aanbieding van leerstof wat sal bydra tot sy estetiese, morele, sosiale en emosionele vorming. Uiteindelik word sy religieuse vorming, veral in aansluiting by die gees en rigting van die huislike opvoeding, ook benadruk.<sup>1)</sup>

Wat die middelbare onderwys betref, is die doelstellings in 'n groot mate 'n voortbouing op dié van die laerskool, met die byvoeging van die volgende:

- 1) Die afronding van die opvoeding van dié leerlinge wat in die loop van of aan die einde van die middelbare skoolkursus die skool sal verlaat, in 'n poging om hulle gereed te maak vir die lewe;
- 2) die algemene voorbereiding van leerlinge wat na voltooiing van die middelbareskool-

---

1) T.O.D. Handleiding insake krediet en eksamenstelsels aan onderwyskolleges, p. 1-6.

- kursus verder gaan studeer;
- 3) die voorligting van leerlinge ten opsigte van skolastiese, persoonlike en beroepsprobleme met die oog op gelukkige aanpassings, maksimum ontwikkeling en die neem van intelligente besluite ten opsigte van 'n toekomstige loopbaan;
  - 4) die algemene voorbereiding van die leerlinge om nuttige en volwaardige burgers van die land te word.<sup>1)</sup>

'n Program vir middelbare onderwys wat daarop ingestel is om die bogenoemde doelstellings te bereik, sal dus 'n keuse uit 'n groot verskeidenheid kursusse en vakke moet aanbied. Daartoe is die Transvaalse Onderwysdepartement veral in staat as gevolg van die stelsel van gedifferensieerde middelbare onderwys, wat volgens die aangehaalde departementele publikasie op die volgende opvoedkundige beskouing berus:

- „1) Die vorming en ontwikkeling van die hele kind;
- 2) verpligte middelbare onderwys vir minstens drie jaar vir alle opvoedbare leerlinge en
- 3) die erkenning van die bestaan van individuele verskille tussen leerlinge en die gevolglike voorsiening in die opvoedkundige behoeftes van individuele leerlinge

---

1) T.O.D., a.w., p. 7.

(bo 13+ jaar) deur die verskaffing van geskikte gedifferensieerde kursusse wat die aanleg en verstand van leerlinge sowel as die toekomstige beroepsvereistes in ag neem".<sup>1)</sup>

Binne die raamwerk van die twee genoemde skooltipes, t.w. laerskole en middelbare skole, bestaan daar 'n verskeidenheid spesiale skole en beroepsgerigte skole. Bo en behalwe die reeds genoemde doelstellings het elkeen van hulle ook nog hul eie besondere bykomende doelstellings om voorsiening te maak vir die besondere soort kinders, d.w.s. verstandelik vertraagdes, gedragsafwykendes en liggaamlik afwykendes, asook vir besondere beroepsrigtings, t.w. landboukundige, huishoudkundige, tegniese en handelsrigtings.

## 2. Doelstellings met onderwysersopleiding

Die sogenaamde kennisontploffing van die afgelope jare en die toenemende gekompliseerdheid van die lewe op haas elke terrein van die menslike bestaan het vir die onderwys verreikende gevolge. Die onderwys moet die kind voorberei vir 'n lewe wat steeds kompleks en veeleisender word. Dit bring mee dat die opleidingsprogram herwaardeer moet word in die lig van 'n deeglike en kritiese ontleding van die doelstellings vir onderwysersopleiding.

---

1) T.O.D., a.w., p. 7.

Dit sal tereg toegegee word dat dit by onderwysersopleiding nie slegs om verwerwing van daardie kennis wat uiteindelik aan die kind geleer moet word, gaan nie, maar in 'n groot mate om die verwerwing van kennis aangaande onderwys as 'n werksaamheid en van die noue verband tussen onderwys en opvoeding en tussen teorie en praktyk.<sup>1)</sup> Dit is nodig dat die student baie duidelik sal moet weet waarom dit in die onderwys eintlik gaan en hoe sy opleiding beplan word om hom vir sy toekomstak voor te berei.

In die eerste plek is die onderwyser nie net onderwyser nie, maar is hy of behoort hy altyd ook opvoeder van sy volk se kinders te wees. Om aan hierdie wesenlike kenmerk van die ware onderwyser te voldoen, moet die opleiding van die onderwyser voorsiening daarvoor maak dat hy homself altyd eers as opvoeder en daarna as 'n onderwyser sal sien. Tweedens vervul die onderwyser-opvoeder in ons land, soos tewens feitlik oral ter wêreld, tradisioneel ook nog die funksie van leier, voorganger en voorbeeld in die gemeenskap, veral in die meer landelike gemeenskap.<sup>2)</sup> Florence B. Stratemeyer beskryf onderwysersopleiding dan ook as 'n

- 
- 1) Van der Stoep, F. Onderwysersopleiding in moderne pedagogiese perspektief. Tydskrif vir geesteswetenskappe, 7, 2: p. 444, Junie 1967.
  - 2) Kyk ook Schutte, B.C. Die Calvinistiese onderwysbeleid onder die soeklig van die atoomreeue. (In P.U. vir C.H.O. Die atoomreeue "in U lig", p. 278.)

taak met 'n drieledige oogmerk, nl. om onderwysers te lewer wat sal bydra tot die verbetering van die samelewing deur self aktiewe, ingeligte burgers van die land te wees, deur opvoedkundige leiers in hulle omgewing te wees en deur as leiers en voorligters van die jeug op te tree.<sup>1)</sup>

Om bogenoemde redes behoort daar in die doelstellings vir onderwysersopleiding twee groot fasette onderskei te word, t.w. 'n beroepsdoel en 'n algemeenvormende doel. Daar sal vervolgens getrag word om die doelstellings in die lig van hierdie twee fasette verder te ontleed.

a. Beroepsdoel

(1) Teoretiese vorming

Die skool as instelling van die maatskappy vir die opvoeding van die jeug en ook die voorbereiding en vorming van die onderwyser as die professionele opvoeder vir die jeug, is duidelik 'n saak vir sorgvuldige besinning ten opsigte van al die teoretiese en praktiese aspekte van die opvoeding. Die uiteindelijke onderwyshandeling kan gevolglik beskou word as die in-die-praktyk stel van sodanige besinning. Die vraag wat pertinent uit bogenoemde stelling voortkom, is nl. watter kennis of studie vir die toekomstige onderwyser hierdie noodsaaklike

---

1) Stratemeyer, Florence B. (In Cottrell, D.P. (red.) Teacher education for a free people, p. 56.)

agtergrond sal verskaf. As ons nou in gedagte hou dat die wetenskap van die opvoeding, t.w. die Opvoedkunde hom besig hou met alle opvoedkundige vraagstukke, volg dit dat „weinig, indien enige, aspekte van die pedagogiekstudie van nul en gener waarde ten opsigte van onderwysersvorming beskou kan word”.<sup>1)</sup> Hierdie uitspraak, wat stellig ook die standpunt van alle beoefenaars van die Opvoedkunde as wetenskap is, word egter nie deur alle vakwetenskaplikes sondermeer aanvaar nie.

Veral die Amerikaner, J.B. Conant, laat blyk op talle plekke in sy omvattende verslag oor onderwysersopleiding in Amerika<sup>2)</sup> dat hy weinig waarde in die studie van die opvoedkunde sien. In sy voorgestelde leerplanne vir die opleiding van lae skoolonderwysers ken hy bv. slegs 'n plek toe aan 'n studie van die Filosofie (N.B. nie Filosofie van die Opvoeding nie) en aan 'n Inleiding tot die Algemene Sielkunde<sup>3)</sup>. Dan is die rede vir sy insluiting van die vak nogal die volgende: „As an introduction to the point of view of those concerned with the behavior of animals (including man), a general course in psychology would seem essential”.<sup>4)</sup> Vir die toekomstige hoërskoolonderwyser stel hy bv. onder andere Opvoedkundige Sielkunde, en dan of

---

1) Van der Stoep, a.w., p. 442.

2) Conant, J.B. The education of American teachers.

3) Ibid., p. 159.

4) Ibid., p. 136.

Filosofie van die Opvoeding, of Geskiedenis van Onderwys of Sosiale Opvoedkunde voor.<sup>1)</sup> Verder sê hy dat professore in die Filosofie van die Opvoeding, Historiese Opvoedkunde, Sosiale Opvoedkunde en Opvoedkundige Sielkunde, professore in die Filosofie, Geskiedenis, Sosiologie en Sielkunde behoort te wees.<sup>2)</sup> Alhoewel die aanbevelings en uitsprake van Conant wydverspreide reaksie in die Amerikaanse opvoedkundige wêreld gehad het, soos blyk uit die talle konferensies, besprekings en boeke wat op die verslag gevolg het, bewys sy verslag onder andere dat die Opvoedkunde as selfstandige wetenskap wat nie maar net toegepaste Sielkunde, Wysbegeerte, ens. is nie, in 1963 nog nie in alle wetenskaplike kringe aanvaar word as die basiswetenskap vir die vorming van die onderwyser nie.

Ons siening van die Opvoedkunde is egter dat dit 'n selfstandige wetenskap is met 'n eie terrein van ondersoek, nl. die opvoedingsverskynsel soos dit hom voordoen in die opvoedingsituasies en dat hierdie wetenskap ontplooi in verskillende dissiplines, elk weer met sy eie terrein en metode van ondersoek en dat 'n studie van die hele terrein 'n noodsaaklike en primêre vereiste is in die vorming van die onderwyser.

---

1) Conant, J.B. The education of American teachers, p. 122.

2) Ibid., p. 122.

Die Opvoedkunde as wetenskap word gesien as 'n komplekse wetenskap wat teenswoordig redelik algemeen aan die hand van die volgende deeldissiplines bestudeer word.

- 1) Die Filosofie van die Opvoeding waarin die doelstellings van die opvoeding en die norme aan die hand waarvan die opvoeding plaasvind, beskryf word.
- 2) Die Historiese Opvoedkunde wat die onderwys- en opvoedingspraktyke deur die eeue bestudeer en beoordeel in die lig van hulle waarde en betekenis vir die hede.
- 3) Die Sielkundige Opvoedkunde waarin die implikasies van die verskillende stadia en aspekte van die kind se ontwikkeling tot volwassenheid vir die opvoeding inhou, bestudeer word, asook hoe daar herstellend te werk gegaan moet word ten opsigte van leerprobleme, leesprobleme, gedragsafwykings, ens..
- 4) Die Sosiale Opvoedkunde wat hom besig hou met die invloed wat omgewingsfaktore en -verskynsels op die opvoedingsgebeure uitoefen, en
- 5) die Didaktiese Opvoedkunde wat, soos Van der Stoep dit stel, die teorie oor die onderwys, sowel as die kuns of vaardighede om onderwys te gee, is<sup>1)</sup>. Coetzee verkies om te praat van die Praktiese Opvoedkunde, wat hy omskryf as die samestelling en interpretasie van al die praktiese opvoedkundige gegewens wat deur die ander onderdele van die opvoedkunde vasgestel is.<sup>2)</sup> So vorm die Didaktiese

---

1) Van der Stoep, F. en van der Stoep, O.A. Didaktiese oriëntasie, p. 36.

2) Coetzee, J. Chris. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p. 20.



Opvoedkunde dan die versamelpunt van insigte waartoe 'n studie van die verskillende deeldissiplines kom. Langs dié weg vind die Didaktiese Opvoedkunde dan ook terselfdertyd aansluiting met die verskillende vakmetodieke.

Daar kan ook nog 'n sesde dissipline onderskei word t.w. die Vergelykende Opvoedkunde wat 'n studie maak van die opvoedingstelsels van verskillende lande om daardeur tot 'n herwaardering van die eie te kom. Hierdie dissipline word gewoonlik eers op nagraadse vlak bestudeer.

## (2) Skoolvakkundige opleiding

Naas sy teoretiese vorming deur middel van 'n studie van die Opvoedkunde, is dit vanselfsprekend dat die onderwyser vakkundig goed onderlê moet wees. Hier moet dadelik onderskeid getrek word tussen die vakkundige voorbereiding van die laerskool- en die hoërskoolonderwyser. Omdat laeronderwys hoofsaaklik klasonderwys is, is dit tot nou toe die algemene gebruik in suid-Afrika dat die onderwysers vir die laerskool 'n breë skoolvakkundige opleiding moet ontvang, met inagneming van die skole se behoeftes aan leerkragte met gespesialiseerde kennis. In besonder word gedink aan rigtings soos liggaamlike opvoeding, musiek, kuns en kunsvlyt, asook aan die onderrig van besondere ouderdomsgroepe, veral die junior-klasse. In dié verband moet genoem word dat die Transvaalse Onderwysdepartement laerskole aangemoedig het om vanaf 1969, waar die grootte van

die skool en die beskikbaarheid van personeel dit moontlik maak, vakonderwys vir standerds 3-5 in te voer.<sup>1)</sup> Al sou dit as gewens beskou word dat daar vakspesialisasie op laerskoolvlak behoort te wees, bly dit 'n feit dat die laerskoolonderwyser in die eerste plek onderwyser-opvoeder behoort te wees en nie vakdeskundige nie. Hy is die deskundige in die algemene vorming van die laerskoolkind.<sup>2)</sup> Hiermee word egter nie bepleit dat die laerskool=onderwyser nie ook deeglike skoolvakopleiding moet ontvang nie, inteendeel, met die toenemende nood=saaklikheid tot spesialisasie as gevolg van die snelle toename in kennis op so veel vakgebiede, is 'n mate van vakspesialisasie vir die laerskoolonder=wyser van groot waarde.

Gespesialiseerde en deeglike vakkennis op een of meer vakgebiede vir die hoërskoolonderwyser is vanselfsprekend en het hier geen betoog nodig nie. Wat egter wel in verband met die hoërskoolonderwyser as vakonderwyser deeglik voor oë gehou moet word, is die feit dat die onderwyser nie alleen vakonder=wyser is nie, maar steeds langs die weg van sy vak ook opvoedend moet arbei. Sonnekus stel hierdie noodsaaklikheid soos volg: „In sy aanbieding van die leerstof is hy (die onderwyser) steeds identi=fikasiefiguur, nie net as persoon, regstreekse of onregstreekse opvoeder nie, maar ook as 'n ver=

---

1) Transvaalse Onderwysdepartement: Omsendbriewe nrs. 99 en 131 van 1968.

2) Kyk ook Cottrell, a.w., p. 131.

teenwoordiger van 'n vak as kultuurstofgebied wat bepaalde waardes verteenwoordig. Die kind identifiseer hom dus ook met die vak of kultuurgebied of waardes via die onderwyser. Die onderwyserdidaktikus is dus ook kultuurdraer van 'n vak of bepaalde kultuurgebied en is die persoon deur wie die kind hierdie nuwe kultuurwaardegebiede sy eie moet maak. Die noodsaaklikheid van nie alleen goeie vakonderwysers as vakmanne, of afrigters nie, maar in besonder van waardige kultuurmense wat kultuurwaardes huldig, spreek dus hier uit."<sup>1)</sup>

(3) Praktiese toepassing van die teoretiese vorming en skoolvakkundige opleiding

Die teoretiese vorming en skoolvakkundige opleiding van die onderwyser is uitsluitlik die taak en verantwoordelikheid van die opleidingsinrigtings. Op een of ander stadium in sy opleiding en op een of ander wyse moet hierdie verworwe kennis in die praktyk toegepas word. Die verantwoordelikheid vir praktiese toepassing van hierdie kennis moet deur sowel die opleidingsinrigtings as die skole aanvaar word. Dit is immers ondenkbaar dat die onderwyser kan afstudeer sonder dat hy ooit gedurende sy opleiding aktief aan die onderwyswerksaamheid deelgeneem het of sonder dat die opleidingsinrigting self met die student se praktiese vorming te doen gehad het.

---

1) Sonnekus, M.C.H. Die pedagogiese onderbou van die besondere didaktiek van skoolvakke. Paedagogiese studiën, 41, 3: p. 135, Ma. 1964.

Die terreine waarop die teoretiese vorming en skoolvakkundige opleiding in die praktyk toegepas kan word, is die volgende:

(a) Metodiek van die skoolvakke

Vanuit die algemene en besondere didaktiek wat uitsprake gee oor die onderwys in sy breedste opset en as sodanig 'n onderdeel van die teoretiese vorming van die student uitmaak, spits die metodeleer of vakmetodiek hom toe op 'n enkele vak soos wiskunde, aardrykskunde, ens.<sup>1)</sup>

Dit is egter van belang om daarop te wys dat die vakmetodiek steeds afhanklik bly van die beginsels en grondslae van die algemene en besondere didaktiese opvoedkunde en nie tot 'n blote „vermetodiekering“ of „vertegnisering“ van die onderwys moet lei nie, want, sê Langeveld, „een algemene didaktiek zonder doordachte grondslagen in de pedagogiek praat over zaken welke zij niet kent. Zij werkt met een ‚leerling‘ iie geen kind, een ‚leraar‘ die geen mens is en met een ‚leerstof‘ die geen deel uitmaakt van een geestelijk kultuurgeheel.“<sup>2)</sup>

Met die voorgaande in gedagte, sal die oogmerke met kursusse in die metodiek van skoolvakke

- 
- 1) Van der Stoep, F. en van der Stoep, O.A., a.w., p. 63.
  - 2) Langeveld, M.J. Algemene en speciale didaktiek en het leren in het verband der didaktiek beschouwd. Paedagogische studiën, 36, 7-8: p. 344, Jul/Aug. 1959.

dus wees om die student vertrouwd te maak met werk= wyses of metodieke waarvolgens besondere vakinhoud die beste, dit wil sê, tot die beste voordeel van die leerlinge en op die mees verantwoordbare wyse aan die leerlinge oorgedra behoort te word. Dit is belangrik om te beklemtoon dat elke besondere vak, bv. Latyn, Geskiedenis, ens. sy bepaalde wetenskaplike metode het aan die hand waarvan daardie vak deur die leerlinge begryp en geïnterpreteer kan word. Dit bly egter nog steeds die onderwyser wat 'n besondere metode kan aanwend omdat hy dit weer op sy eie manier, dit wil sê volgens sy eie persoonlikheid en aanvoeling toepas. Van der Stoep stel dit soos volg: „Dit gaan baie duidelik by die metodiek dus nie in die eerste plek oor metodiese resepte of voorskrifte nie. Dit is telkens 'n onderwyser wat besluit oor 'n bepaalde metode aan die hand van bepaalde inhoud met die oog op die realisering van 'n besondere doelstelling in die teenwoordigheid van besondere kinders.“<sup>1)</sup>

(b) Vak tegniese en algemeen-tegniese vaardighede.

'n Volgende terrein is die vertrouwd maak van die student met en die oplei in die gebruik en hantering van die toenemende verskeidenheid hulpmiddels en tegniese apparaat wat teenswoordig by skole beskikbaar is of aangeskaf kan word en wat na verwagting al hoe meer algemeen in gebruik sal kom.

---

1) Van der Stoep, F. en Van der Stoep, O.A.,  
a.w., p. 68.

Party van hierdie apparaat of hulpmiddele kan maklik aangewend word en die gebruik daarvan kan dikwels deur 'n enkele demonstrasie verduidelik word, terwyl andere meer intensiewe opleiding sal vereis. Hier word dus gedink aan alle soorte apparaat wat vir die verskillende vakke ingespan kan word om die onderwyser se taak te vergemaklik, om leerlinge geïnteresseerde deelnemers aan die onderwyswerkzaamheid te maak en om leer te bevorder. Daar word o.a. gedink aan flitskaarte, flennieborde, telrame, verskillende soorte projektors soos filmprojektors, skyfie-projektors, truprojektors, asook bandopnemers, platespelers en selfs blykbaar binnekort in ons land ook geslote-baan televisie.

In hierdie verband sal gewaak moet word teen oorvleueling by die onderrig aan die opleidingsinrigtings. Waar metodiek-dosente self die onderrig waarneem, behoort daar koördinasie tussen die verskillende dosente te wees, behalwe waar die onderrig van vak- en algemeen-tegniese apparaat as 'n afsonderlike vak bestudeer word.

(c) Kinderstudie

Waar die student by 'n studie van die Sielkundige Opvoedkunde teoretiese kennis opdoen in verband met die ontwikkelende en lerende kind, daar moet by sy praktiese vorming in die opleidingsinrigtings, tydens oefenonderwys in die skole en in kinderleiding-klinieke waar dit bestaan, toegesien word dat die studente so dikwels moontlik met kinders in aanraking kom. Kinderstudie be-

hoort op georganiseerde en wetenskaplike wyse gedoen te word. Volgens 'n verslag van die Britse Departement van Onderwys is een van die redes waarom jong onderwysers so baie te kort skiet in hulle taak as onderwysers die feit, dat hulle kennis en begrip van die kinders waarmee hulle daaglik werk, nog onvoldoende is. Die verslag verklaar verder: „This need not entail more lecturing, but it should certainly involve more observation by students of individual children's attempts at learning, more reflection on such observation and more discussion of the implications of what has been observed.“<sup>1)</sup>

(d) Oefenonderwys

Die praktiese vorming van die toekomstige onderwyser kry eintlik sy beslag en afronding by die skole waarheen die studente vir hulle tydperke van oefenonderwys gaan.

Om dié rede vorm hierdie bedrywigheid dan ook 'n belangrike aspek van die onderwyser se praktiese opleiding en sal dit in die onderhawige navorsing baie aandag geniet.

b. Algemeen-vormende doel

Dit is alreeds beklemtoon<sup>2)</sup> dat die onderwyser 'n meerledige taak vervul, t.w. nie net as onderwyser nie, maar ook as opvoeder en as leier in sy

---

1) Great Britain. Ministry of education. The training of teachers. Pamphlet 34: p. 12.

2) Kyk p. 24

gemeenskap. Dit is daarom wenslik dat daar naas die beroepsdoel by onderwysersopleiding ook 'n algemeen-vormende doel sal wees waarin die volgende aspekte onderskei kan word:

(1) Vorming tot geestelike volwassenheid

Die onderwyser is beoefenaar van 'n professie wat die verantwoordelikheid vir die onderwys en opvoeding van die kind as sy roeping aanvaar. In die uitoefening van sy pligte kan hy nie geïsoleerd van die samelewing wees nie, maar is hy 'n aktiewe deelnemer aan die lewe in die samelewing. Van so 'n persoon word verwag dat hy 'n volwaardig-gevormde, volwasse mens sal wees. Hierdie volwassenheid impliseer, in die woorde van Gunter,<sup>1)</sup> geestelike volwassenheid. Coetzee sien dit as volkome toegerus-wees as mens en as opvoeder: „Die mens van God moet volkome biologies en sosiaal aangepas wees; sy liggaam en gees moet volkome volgroei en ontwikkelde wees; sy kennis en verstandsvorming moet volkome wees; sy wil tot die goeie en sy smaak vir die skone moet volkome gevormd en ontwikkelde wees; maar bo alles moet hy volkome toegerus wees vir die diens van sy Skepper.”<sup>2)</sup> Geestelike volwassenheid van die onderwyser kan dus bereik word deur die liggaamlike, verstandelike, sosiale, nasionale, estetiese, etiese en godsdien-

---

1) Gunter, C.F.G., a.w., p. 11.

2) Coetzee, J. Chris. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 79.



stige vorming. Liggaamlike vorming wat behels die kennis, voeding ens., ontwikkeling van die eie liggaam sowel as van die van die kind, sal geskied deur die vak Liggaamlike Opvoeding en die student se deelname aan sportaktiwiteite. Verstandelike vorming word nagestreef deur onder andere die uitbreiding van die student se kennis ten opsigte van besondere akademiese vakke en van die vakinhoud wat hy op skool sal moet onderrig. Sosiale aanpasbaarheid en die vermoë om andere sosiaal te help aanpas, is 'n noodsaaklike eienskap van die onderwyser. Die student se sosiale vorming vind plaas deur die verhoudinge waarin hy hom bevind ten opsigte van sy maats, sy dosente, leerlinge, skoolouers, en die breë gemeenskap waarin hy sal beweeg. Dit sal op verskillende wyses, direk en indirek, in die loop van sy opleiding aandag moet geniet, onder andere deur sosiale verkeer, deelname aan sport, besprekings tydens lesings, en by sy kennismaking met die onderwysers, leerlinge en ouers tydens die tydperke van oefenonderwys. Die nasionale vorming, d.w.s. die bewusmaking van sy taak as draer en oordraer van die volkseie kultuurgoedere is 'n onafskeibare deel van die onderwyser se taak en sal dus ook tydens die student se opleiding by hom ingeskerp moet word deur veral sy deelname aan kulturele bedrywighede en deur die positiewe gesindhede en voorbeeld van dosente en onderwysers. Die estetiese vorming van die student bestaan hoofsaaklik uit die ontwikkeling van die vermoë om kuns in sy verskeidenheid van uitinge, onder

andere in die letterkunde, beeldende kunste, vlyte en verhoogkunste te waardeer of self skeppend op te tree. Afgesien van die voorsiening wat in die meeste studiekursusse gemaak word vir hierdie vorming, is die deelname en besoeke aan konserte, uitstallings, kunswedstryde en so meer 'n belangrike hulp en stimulus. Laastens is die student se morele en godsdienstige vorming die sluitsteen van sy ontwikkeling tot geestelike volwassenheid. Sonder hierdie noodsaaklikste deel van sy vorming sal alle pogings om hom vir sy taak voor te berei, nutteloos wees. Afgesien van die bydrae wat in die student se opleiding deur die vak Godsdienstige onderrig gelewer word, is die rol van Godsdienstige verenigings en die voorbeeld van die gelowige doosent en onderwyser hier van die grootste belang.

## (2) Opleiding in leierskap

Die onderwyser is wesenlik, in al sy bedrywighede binne en buite die skool en binne en buite die skoolgemeenskap, 'n leiersfiguur. As hierdie feit by die opleiding van onderwysers in aanmerking geneem word, beteken dit dat die student eers ten volle toegerus kan wees as hy doelbewus van sy taak en verantwoordelikheid as toekomstige leier bewus gemaak word en in die beginsels en metodes van leierskap opleiding ontvang. „Het is juist de cultureel-maatschappelijke vorming in de huidige opleiding, die de a.s. onderwijzer een wijdere blik en een ruimere horizon moet bezorgen, opdat hij leiding kan en wil geven op de plaats, waar hij in

„het maatschappelijk leven werkzaam is.“<sup>1)</sup> Hierdie vorming kan nie maar toevallig, by voorbeeld deur praktiese ondervinding van leierskapsfunksies in studenteverenigings, sportaktiwiteite en later in die onderwyspraktyk geskied nie, maar dit verg ook deskundige teoretiese en praktiese opleiding aan die opleidingsinrigtings.

(3) Onderwyser-wees impliseer student-wees

Geen beroepsopleiding kan ooit daarin slaag om die jong beoefenaar van daardie beroep volleerd die lewe in te stuur nie. Die onderwys is veral een van die beroepe waarin steeds ontwikkeling en verandering plaasvind en wat nooit staties sal kan wees nie omdat die lewe dit nie is nie. Hiervan sê J. Jansen: „Onze huidige opleiding moet er juist naar streven de a.s. onderwijzer ervan te overtuigen, dat hij na het examen niet 'klaar' is; zoals de vroegere 'schoolmeester' vaak dacht 'klaar' te zijn voor het leven.“<sup>2)</sup>

As laaste algemeen-vormende doelstelling by die opleiding van onderwysers kom dus hierdie eis dat dit die student sal voorberei op die feit dat hy as onderwyser nooit „afgestudeer“ sal wees nie en dus steeds student sal moet en wil bly.

---

1) Jansen, J. Naar een hogere pedagogische school. Serie verdiept inzicht, 14: p. 58.

2) Ibid., p. 57-8.